
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NATIONAL SENIOR CERTIFICATE
# *NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT*

## GRADE / *GRAAD* 12

## COMPUTER APPLICATIONS TECHNOLOGY P1
## *REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1*
## NOVEMBER 2023

**MARKS / *PUNTE*: 150**

**TIME / *TYD:* 3 hours / *uur***

CAT (PRACTICAL) P1 / RTT (PRAKTIES) V1

10811C

X05

**This question papers consists of 16 pages, an HTML tag sheet, an input mask character sheet, two pages for planning and a separate information sheet.**

***Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye, 'n HTML-merkersblad, 'n toevoermasker-karakterblad, twee bladsye vir beplanning en 'n aparte inligtingsblad.***

Copyright reserved
*Kopiereg voorbehou*

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. As gevolg van die aard van hierdie praktiese eksamen is dit belangrik om daarop te let dat, selfs as maak jy die eksamen vroeg klaar, jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal te verlaat voordat al die administratiewe take wat met die eksamen geassosieer word, gefinaliseer is NIE. Gedurende die eksamen sal die normale eksamenreëls oor die verlating van die eksamenlokaal geld.

2. As jy op die netwerk werk, of as die datalêers vooraf op jou stelsel gelaai is, moet jy die instruksies volg wat deur die toesighouer/onderwyser gegee word.

3. Aan die einde van die eksamen moet jy seker maak dat AL jou antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is.

4. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word. MOENIE onnodige lêers/lêergidse stoor NIE en **MOENIE duplikaat-antwoordlêers/-lêergidse inlewer NIE. MOENIE enige oorspronklike lêers waarop jy nie gewerk het nie, verwyder NIE.**

5. Die inligtingsblad wat saam met die vraestel verskaf word, **MOET NA AFLOOP VAN DIE DRIE-UUR-EKSAMENSESSIE INGEVUL WORD**. Lewer dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.

6. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.

7. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae. Beantwoord AL die vrae.

8. Lees deur elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat die vraag vereis NIE.

9. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreël teen moontlike kragonderbrekings.

10. Jy mag GEEN hulpbronmateriaal gebruik NIE.

11. Akkuraatheid sal in berekening gebring word.

12. Maak seker dat die streeksinstellings ('regional settings') op Suid-Afrika ('South Africa') ingestel is en dat datum- en tydinstellings, nommerinstellings en geldeenheidinstellings ('currency settings') korrek ingestel is.

13. Vir alle woordverwerkingsvrae moet jy die taal op 'English (South Africa)' stel. Neem aan dat die papiergrootte A4 Portret ('Portrait') is, tensy anders aangedui. Gebruik sentimeter as maateenheid.

14. Maak seker dat die 'Developer'-oortjie en die liniaal ('Ruler') geaktiveer is.

15. Maak seker dat die desimale simbool ('decimal symbol') as 'n punt ('.') gestel is en die lys-skeikarakter ('list separator') as 'n komma (',') gestel is.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



16. Formules en/of funksies moet vir ALLE berekeninge in sigbladvrae gebruik word. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.

    **LET WEL:** Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs as veranderinge aan die bestaande data gemaak word.

17. Jy mag NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word gebruik om die HTML-vraag te beantwoord NIE.

18. Die rame ('borders') wat rondom prente en skermkopieë in hierdie vraestel verskyn, is bedoel vir duidelikheid. MOENIE rame invoeg NIE, tensy daar 'n instruksie is om dit te doen.

19. Die datalêers wat jy nodig het om die vraestel te voltooi, is aan jou gegee op die skyf/CD/DVD/geheuestokkie of op die skyfspasie wat aan jou toegeken is. Die lêers word in die vorm van 'n wagwoordbeskermde uitvoerbare lêer verskaf.

    Doen die volgende:

    - Dubbelklik op die wagwoordbeskermde uitvoerbare lêer:
      **CAT P1 Nov 2023 DATA.exe**
    - Klik op die 'Extract'-knoppie.
    - Klik die 'Show Password'-merkblokkie.
    - Sleutel die volgende wagwoord in: **1234cars**
    - Nadat dit onttrek ('extracted') is, verifieer die inhoud van die lêergids ('folder') deur een of meer lêers oop te maak.
    - Sodra die inhoud van die lêers geverifieer is, hernoem ('rename') die gids ('folder') **CAT P1 Nov 2023 DATA** met jou eksamennommer.

    Die volgende lys lêers sal in die leêrgids ('folder') beskikbaar wees:

| | |
|---|---|
| • 1Top10 | Woordverwerkingslêer |
| • 1Toyota | Prent |
| • 2Tips | Woordverwerkingslêer |
| • 3CarSales | Sigblad |
| • 4Sales | Sigblad |
| • 5Bus | Prent |
| • 5Card | Prent |
| • 5Shuttle | Databasis |
| • 6_1Rover | Prent |
| • 6_1Win | HTML-lêer |
| • 6_2Father | Prent |
| • 6_2Logo | Prent |
| • 6_2Opening | HTML-lêer |
| • 7Bookings | Sigblad |
| • 7New | Woordverwerkingslêer |



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**SCENARIO**

Verskillende tipes vervoer word gebruik om mense en goedere van een plek na 'n ander te vervoer. Alhoewel baie mense openbare vervoer gebruik, het motors oor die jare meer gewild geraak.

## VRAAG 1: WOORDVERWERKING

Maak die **1Top10**-woordverwerkingsdokument oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of bladsyonderskif ('footer') in.

Die dokument bevat inligting oor die top tien motorhandelsnaam-verkope gedurende 2022 in Suid-Afrika.

1.1 Voeg die 'Retrospect'-voorblad soos volg in:

- Dokumenttitel: 'Popular Cars'
- Verwyder die subtitelkontrole ('subtitle control'). (3)

1.2 Vind die opskrif wat met 'These were South …' begin en gebruik font-formatering ('font formatting') om die opskrif soos hieronder te laat vertoon.

These were South Africa's most popular cars of 2022

(2)

1.3 Vind die teks 'Question/Vraag 1.3' en vervang dit met die prent **1Toyota**. Pas 'n 'Soft-Edge Rectangle'-prentstyl op die prent toe. (2)

1.4 Soek en vervang al die voorkomste van die woord 'Hilux' sodat dit gestrek ('expanded') met 1 pt en 'n skaal van 150% vertoon. (3)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.5 Vind die tabel onder die opskrif wat met 'South Africa's 10 …' begin en verander dit om soos in die voorbeeld hieronder te vertoon.

**South Africa's 10 best-selling car brands of 2022**

| Car brand | Units sold | %Value |
|---|---|---|
| Ford | 26 335 | -15.40% |
| Haval | 22 644 | 18.80% |
| Hyundai | 36 047 | 7.70% |
| Isuzu | 21 274 | 7.00% |
| Kia | 22 766 | 12.90% |
| Nissan | 30 487 | 1.00% |
| Renault | 27 251 | 29.60% |
| Suzuki | 47 178 | 71.00% |
| Toyota | 132 035 | 12.20% |
| Volkswagen | 69 801 | -2.50% |
| **Minimum %Value** | | -15.40% |

**LET WEL:** Die data vir Volkswagen is na binne in die tabel geskuif. (5)

1.6 Vind die grafiek onder die teks wat met 'The graph below …' begin en voeg die byskrif ('caption') in om as 'Graph 2: Bestsellers' te vertoon. (2)

1.7 Vind die letter 'D' onder die opskrif 'Expectations for new …' en formateer die letter soos in die voorbeeld hieronder getoon.

> D espite the positive numbers for car manufacturers in 2022, the new car market's strong performance is decelerating due to repeating increases in interest rates since November 2021. NAAMSA and car retailer Combined Motor Holdings (CMH) expect this to burden car sales.

**LET WEL:** Die agtergrondkleur van die letter D moet in 'n groen skakering vertoon. (4)

1.8 Vind die opskrif wat met 'The top 10 …' begin en die tabel onder die opskrif.

Verander die instellings om seker te maak dat die opskrif en die tabel altyd bymekaar sal bly. (1)

1.9 Voeg die lêerpad ('file path') in die bladsyboskrif van slegs die laaste bladsy in. (2)

Stoor en maak die **1Top10**-dokument toe. **[24]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2:. WOORDVERWERKING

Maak die **2Tips**-woordverwerkingsdokument oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of bladsyonderskif ('footer') in.

Die dokument bevat wenke wat gevolg kan word wanneer 'n voertuig aangekoop word.

2.1 Verander die kantruimtes van die dokument na smal ('narrow') kantruimtes. (1)

2.2 Voeg 'n 3 pt-raam aan die linker- en regterkant van slegs die eerste bladsy in. (3)

2.3 Skep 'n skakel soos volg:

- Vind die teks 'Contact form' en skep 'n boekmerk met die naam 'Contact'.
- Voeg 'n skakel op die teks 'choosing' in die eerste paragraaf na die 'Contact'-boekmerk in. (3)

2.4 Vind die teks wat met '1. A new vehicle …' begin en met '… start the research:' eindig.

Verander die genommerde lys na 'n kolpuntlys met die simbool 🚘 (Webdings: Karakterkode: 142). (2)

2.5 Redigeer die vormkontroles ('form controls') onder die opskrif 'Contact form' soos volg:

2.5.1 Vind die teksvormveld langs die teks 'Surname' en pas 'n woordverwerkingseienskap op die teksvormveld toe sodat dit soos die res van die vormvelde vertoon. (1)


2.5.2 Verander die teksvormveld langs die teks 'Name' om die data in hoofletters te vertoon. (1)

2.5.3 Redigeer die teksvormveld langs die teks 'Contact number' sodat dit slegs die korrekte aantal syfers kan aanvaar.

Voorbeelde: 0825893654 of 0359586321 (1)

2.5.4 Redigeer die teksvormveld langs die teks 'Preferred time to call' sodat 'n gebruiker 'n spesifieke tyd van die dag in die formaat h:mm am/pm kan invoeg. (2)

2.6 Voeg 'n vorm ('shape') in om soos in die voorbeeld hieronder te vertoon.





(3)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.7 Vind die SmartArt op die laaste bladsy en formateer die SmartArt om soos in die voorbeeld hieronder te vertoon.




**LET WEL:** 'n '3D Cartoon'-styl is toegepas. (4)

Stoor en maak die **2Tips**-dokument toe. **[21]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: SIGBLAD

**LET WEL:**

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.
- Voeg formules en/of funksies op só 'n manier in dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander waardes in die bestaande data.
- Indien jy boublokke wil gebruik, gebruik die spasie wat daarvoor in die sigblad-datalêer toegeken is.

Maak die **3CarSales**-sigblad oop, wat die aantal motors bevat wat vir die periode Oktober 2022 tot September 2023 deur die verkoopspersone verkoop is.

Werk in die **Total**-werkblad.

3.1 Verander die opskrif in **ry 1** soos volg:

- Voeg **selle A1:J1** saam en sentreer dit.
- Pas 'n 'Distributed (Indent)' horisontale teksinlynstelling met 'n inkeping van 13 toe. (3)

3.2 Die totale getal motors wat vir die tydperk 2022/2023 deur elke verkoopspersoon verkoop is, is in **ry 7**.

Voeg 'n funksie in **sel E3** in om die tweede laagste aantal motors wat vir die tydperk 2022/2023 deur 'n verkoopspersoon verkoop is, te bepaal. (2)

3.3 Voeg 'n funksie in **sel E4** in om die aantal maande waarin die totale maandelikse verkope van motors minder as 15 was, te bepaal. (2)

3.4 Pas 'n sigbladeienskap op **selle C9:I20** toe om die persentasie waardes van 0 tot 50 in 'n tweekleurskaal('two-colour scale')-formaatstyl te vertoon. Verander die kleur van die minimum waarde na blou. (4)

3.5 Voeg 'n opsoekfunksie ('lookup function') in **sel F23** in om die naam van die verkoopspersoon wat vir die tydperk 2022/2023 die meeste motors verkoop het, te vertoon. (6)

Stoor en maak die **3CarSales**-sigblad toe. **[17]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: SIGBLAD**

**LET WEL:**

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.
- Voeg formules en/of funksies op só 'n manier in dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander waardes in die bestaande data.
- Indien jy boublokke wil gebruik, gebruik die spasie wat daarvoor in die sigblad-datalêer toegeken is.

Maak die **4Sales**-sigblad oop, wat inligting bevat oor motors wat in September 2023 by Sam's Dealership gekoop is.

**LET WEL:** 'n Dialoogblokkie sal vertoon wanneer die lêer oopgemaak word. Klik op OK.

Werk in die **Sales**-werkblad.

4.1 Verander die formaat van **kolom H** na 'n meer gepaste datatipe en maak seker dat al die inligting in die kolom sigbaar is. (2)

4.2 Die funksie in **sel C3** was 'n poging om te bepaal of die totale rente (**sel E3**) 8% van die totale motorpryse (**kolom E**) is.

Die funksie vertoon egter 'n verkeerde resultaat.

Maak die formule in **sel C3** reg om die korrekte resultaat te vertoon. (1)

4.3 Voeg 'n funksie in **sel C5** in om die totale prys (**kolom E)** vir al die **Hyundai i**-modelle te bereken. (6)

4.4 Verander die funksie in **sel A11** om slegs die voorletter(s) van die klant (**kolom B**) te vertoon. (4)

4.5 Die totale koste vir 'n motor word bereken deur die prys by die rente te tel. Wanneer 'n koper egter ekstra bykomstighede (**kolom G**) wil byvoeg, word 'n addisionele 5% by die totale koste getel.

Voeg 'n formule/funksie in **sel H10** in om die finale totale koste vir Basson te bereken. (4)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Werk in die **Chart**-werkblad.

4.6 Verander die grafiek om soos in die voorbeeld hieronder te vertoon.




**LET WEL:** Die kolomkleure is gestel om vir elke punt ('point') te varieer. (6)

Stoor en maak die **4Sales**-sigblad toe. **[23]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5: DATABASIS

Die databasis bevat inligting oor die bestuurders en kliënte van 'n pendelmaatskappy ('shuttle company').

Maak die **5Shuttle**-databasis oop.

5.1 Maak die **tbl5_1**-tabel in ontwerpaansig ('Design View') oop.

5.1.1 Verander die eienskappe ('properties') van die *Name*-veld om seker te maak dat 'n naam altyd ingesleutel word. (1)

5.1.2 Redigeer die eienskappe van die *StartDate*-veld om te vertoon in die formaat:

dd-mmm-yy (2)

5.1.3 'n Bestuurder se lisensienommer moet in 'n spesifieke formaat ingesleutel word.

Verander die eienskappe van die *LicenceNo*-veld sodat 'n gebruiker data soos volg sal insleutel:

- SES verpligte nommers; gevolg deur
- DRIE hoofletters; gevolg deur
- EEN opsionele nommer

Voorbeelde: 435698XKJ8 of 963214PJH (4)

5.1.4 Verander die eienskappe van die *Rating*-veld om SLEGS graderings van 1 tot 5 te aanvaar. Geen verstekwaarde ('default value') moet in hierdie veld vertoon nie. (2)

5.1.5 Voeg 'n nuwe veld met die naam *LicenceCard* bokant die *LicenceNo*-veld in.

Voeg die **5Card**-prent, in databladaansig ('Datasheet View'), vir die bestuurder, Mark Lopez, in. (4)

Stoor en maak die **tbl5_1**-tabel toe.

5.2 Maak die **frm5_2**-vorm, wat op die **Pre-bookings**-tabel gebaseer is, in ontwerpaansig ('Design View') oop en redigeer soos volg:

- Voeg die **5Bus**-prent in die vormboskrif as 'n logo in.
- Verander die eienskappe van die *Reason*-veld na 'n kombinasielys ('combo box') om die opsies 'Business' en 'Personal' te vertoon.

Stoor en maak die **frm5_2**-vorm toe.

(5)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.3 Skep 'n navraag met die naam **qry5_3**, wat op die **Pre-bookings**-tabel gebaseer is, soos volg:

Vertoon slegs die naam, van en kontaknommer van die volgende kliënte:

- Besigheidskliënte wat meer as 30 km reis
- Enige kliënte wat 10 km of minder reis

Stoor en maak die **qry5_3**-navraag toe. (5)

5.4 Maak die **qry5_4**-navraag, wat op die **Pre-bookings**-tabel gebaseer is, in ontwerpaansig ('Design View') oop.

Verander die navraag om kliënte te vertoon wat die pendeldienste ('shuttle services') sal gebruik om in Desember te vertrek.

Stoor en maak die **qry5_4**-navraag toe. (3)

5.5 Maak die **qry5_5**-navraag, wat op die **Pre-bookings**-tabel gebaseer is, in ontwerpaansig ('Design View') oop.

Voeg 'n nuwe veld, *Total*, in om die totale reiskoste vir 'n kliënt vir 'n <u>retoer</u>rit te bepaal. Die koste vir die kliënt is R6,25 per kilometer gereis.

Stoor en maak die **qry5_5**-navraag toe. (4)

5.6 Maak die **rpt5_6**-verslag, wat op die **Pre-bookings**-tabel gebaseer is, in ontwerpaansig ('Design View') oop en verander soos volg:

- Voeg 'n funksie in die groep-onderskrif in om die totale kliënte per *Reason* aan te dui.
- Verander die bladsy-oriëntasie na landskap.
- Voer die verslag as 'n PDF-dokument met die naam **5Pre-bookings** na jou data-lêergids uit ('export').

Stoor en maak die **rpt5_6**-verslag toe. (5)

Stoor en maak die **5Shuttle**-databasis toe. **[35]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)

**LET WEL:**

- **Jy mag NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word gebruik om die HTML-vraag te beantwoord NIE.**
- 'n HTML-merkersblad is vir verwysing aangeheg.
- Alle lêers wat benodig word om hierdie vraag te voltooi, kan in die datalêergids gevind word.

'n Webblad is vir 'n bemarkingskompetisie geskep om 'n motor van Sam's Dealership te wen.

6.1 Maak die onvoltooide **6_1Win**-lêer in 'n webblaaier en ook in 'n teks/HTML-redigeerder oop.

Jou finale webblad moet soos die voorbeeld hieronder lyk.




**LET WEL:**

- Gebruik die voorbeeld hierbo as 'n riglyn wanneer jy hierdie vraag beantwoord.
- Vraagnommers verskyn as kommentaar ('comments') in die kodering om aan te dui waar jy die antwoord(e) moet invoeg. MOENIE hierdie kommentaar uitvee NIE.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.1.1 Voeg 'n attribuut by die liggaamsmerker ('body tag') sodat die webblad se kleur ligblou vertoon. (2)

6.1.2 Verander die prentmerker-attribute sodat die prente vertoon soos in die voorbeeld op die vorige bladsy. (2)

6.1.3 Verander die HTML-kode sodat die 'Home'-teks in die tabel vertoon soos in die voorbeeld op die vorige bladsy. (1)

6.1.4 Voeg 'n merker in die tabel-opskrif 'Ts and Cs' in sodat dit met die **6_1Win**-webblad sal koppel. (2)

6.1.5 Verander die HTML-kode om die lys soos in die voorbeeld op die vorige bladsy te vertoon. (2)

Stoor en maak die **6_1Win**-lêer toe.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.2 Maak die onvoltooide **6_2Opening**-webblad in 'n webblaaier en ook in 'n teks/HTML-redigeerder oop.

Voltooi die webblad om soos die voorbeeld hieronder te lyk.




Stoor en maak die **6_2Opening**-lêer toe. (5)

EEN punt sal vir korrekte sluitingsmerkers en korrekte nesting in beide lêers toegeken word. (1)
**[15]**



SA EXAM PAPERS


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 7: ALGEMEEN

Maak die **7New**-woordverwerkingsdokument oop.

7.1 Die pendelmaatskappy is besig om hulle logo op te gradeer. Gebruik WordArt en die prente in die lêer om 'n nuwe logo te skep, soos hieronder getoon.




**LET WEL:**

- Die finale logo moet een prent wees.
- Stoor die finale logo as 'n prent met die naam **7NewLogo**. (5)

Stoor en maak die **7New**-dokument toe.

7.2 Maak die **7Bookings**-sigblad oop.

7.2.1 Pendelbestuurders moet een en 'n half uur voor 'n kliënt se vertrektyd daarvan in kennis gestel word.

Voeg 'n funksie in **sel D8** in om te bereken hoe laat die bestuurder in kennis gestel moet word. (5)

7.2.2 Voeg 'n formule in **kolom G** in om die aantal dae tussen die vertrekdatums en die terugkeerdatums vir al die kliënte te bereken. (3)

7.2.3 Redigeer die werkblad soos volg:

- Verander die instellings om seker te maak dat, wanneer die hele werkblad gedruk word, die inligting in **kolomme A tot G** op die eerste bladsy sal verskyn.
- Redigeer die druk-opsies om die ry- en kolomopskrifte in te sluit. (2)

Stoor en maak die **7Bookings**-sigblad toe. **[15]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## HTML-MERKERSBLAD ('HTML TAG SHEET')

**Basiese merkers ('Basic Tags')**

| Merker ('Tag') | Beskrywing |
|---|---|
| <body></body> | Definieer die liggaam van die webblad |
| <body bgcolor="pink"> | Stel die agtergrondkleur van die webblad |
| <body text="black"> | Stel die kleur van die liggaamteks |
| <head></head> | Bevat inligting oor die webblad |
| <html></html> | Skep 'n HTML-dokument – begin en eindig 'n webblad |
| <title></title> | Definieer 'n titel vir die webblad |
| <br/> | Voeg 'n reëlbreuk in ('line break') |
| <!-- --> | Kommentaar |

**Teksmerkers ('Text Tags')**

| Merker ('Tag') | Beskrywing |
|---|---|
| <h1></h1> | Skep die grootste opskrif |
| <h6></h6> | Skep die kleinste opskrif |
| <b></b> | Skep teks in vetdruk |
| <i></i> | Skep teks in skuinsdruk |
| <u></u> | Skep onderstreepte teks |
| <font size="3"></font> | Stel fontgrootte van "1" tot "7" " |
| <font color= "green"> </font> | Stel fontkleur |
| <font face="Times New Roman"></font> | Stel fonttipe |

**Skakelmerkers ('Links Tags')**

| Merker ('Tag') | Beskrywing |
|---|---|
| <a href="URL"></a> | Skep 'n hiperskakel |
| <a href="URL"><img src="name"></a> | Skep 'n prentskakel |
| <a name="NAME"></a> | Skep 'n teikenarea in die dokument |
| <a href= "#NAME"></a> | Skakel na 'n teikenarea wat elders in die dokument geskep is |
| <a href= "mailto:#NAME"></a> | Skakel na 'n e-posadres |

**Formateringsmerkers ('Formatting Tags')**

| Merker ('Tag') | Beskrywing |
|---|---|
| <p></p> | Skep 'n nuwe paragraaf |
| <p align="left"> | Stel 'n paragraaf "left" inlyn (verstek); kan ook "right" of "center" wees |
| <center></center> | Sentreer teks, 'n tabel of 'n prent horisontaal |
| <ol></ol> | Skep 'n genommerde lys |
| <ol type="A","a", "I","i","1"></ol> | Definieer die tipe nommers wat gebruik word |
| <ul></ul> | Skep 'n kolpuntlys |
| <ul type="disc", "square","circle"> </ul> | Definieer die tipe kolpunte wat gebruik word |

**Formateringsmerkers ('Formatting Tags') vervolg**

| Merker ('Tag') | Beskrywing |
|---|---|
| <li></li> | Word voor elke lys-item ingevoeg, en voeg 'n nommer of simbool by afhangende van die tipe lys wat geselekteer is |
| <img src="name" align="left"> | Stel 'n prent inlyn, kan " right"; "bottom", "top", "middle" wees |
| <img src="name"> | Voeg 'n prent in |
| <p align="center"><img src="name"></p> | Stel 'n prent "center" inlyn, kan ook "middle" wees |
| <img src="name" border="1"> | Stel die grootte van die raam rondom 'n prent |
| <img src="name" width="200" height ="200"> | Stel die hoogte en breedte van 'n prent |
| <img src="name" alt="alternative text"> | Vertoon alternatiewe teks wanneer die muis oor 'n prent gehou word of wanneer die prent nie gevind kan word nie |
| <hr/> | Voeg 'n horisontale lyn in |
| <hr size="3"/> | Stel die grootte (hoogte) van 'n reël |
| <hr width=”80%”/> | Stel die breedte van 'n lyn, in persentasie of absolute waarde |
| <hr color= "ff0000"/> | Stel die kleur van die lyn |

**Tabelmerkers ('Tabel Tags')**

| Merker ('Tag') | Beskrywing |
|---|---|
| <-tabel></-tabel> | Skep 'n tabel |
| <tr></tr> | Skep 'n ry in 'n tabel |
| <td></td> | Skep 'n sel in 'n tabel |
| <th></th> | Skep 'n tabelopskrif ('n sel met vetgedrukte, gesentreerde teks) |
| <-tabel width="50"> | Skep die breedte van die tabel |
| <-tabel border="1"> | Stel die breedte van die raam rondom die selle van die tabel |
| <-tabel cellspacing="1"> | Stel die spasie tussen die selle van die tabel |
| <-tabel cellpadding="1"> | Stel die spasie tussen die selraam en die inhoud daarvan |
| <tr align="left"> | Stel die inlynstelling vir die sel(le) ("left", kan ook "center" of "right" wees) |
| <tr valign="top"> | Stel die vertikale inlynstelling vir sel(le) ("top", kan ook "middle" of "bottom" wees) |
| <td colspan="2"> | Stel 'n getal kolomme waaroor 'n sel moet strek |
| <td rowspan="4"> | Stel die getal rye waaroor 'n sel moet strek |

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## TOEVOERMASKER('INPUT MASK')-KARAKTERBLAD

| KARAKTER | BESKRYWING |
|---|---|
| 0 | Syfer (0 tot 9, inskrywing vereis, plus[+]- en minus[–]- tekens nie toegelaat nie) |
| 9 | Syfer of spasie (inskrywing nie vereis nie, plus [+]- en minus[–]-tekens nie toegelaat nie) |
| # | Syfer of spasie (inskrywing nie vereis nie; spasies word as oop plekke vertoon terwyl in Redigeringsmodus ('Edit mode'), maar oop plekke word verwyder wanneer data gestoor word, plus[+]- en minus[–]-tekens toegelaat) |
| L | Letter (A tot Z, inskrywing vereis) |
| ? | Letter (A tot Z, inskrywing opsioneel) |
| A | Letter of syfer (inskrywing vereis) |
| a | Letter of syfer (inskrywing opsioneel) |
| & | Enige karakter of 'n spasie (inskrywing vereis) |
| C | Enige karakter of 'n spasie (inskrywing opsioneel) |
| . , : ; - / | Desimale plekhouer en duisende-, datum- en tydskeikarakters. (Die werklike karakter hang van die instellings in die '**Regional Settings Properties**'-dialoogblokkie in die 'Windows Control Panel' af.) |
| < | Veroorsaak dat alle karakters na onderkas ('lower case') omgeskakel word |
| > | Veroorsaak dat alle karakters na bo-kas ('upper case') omgeskakel word |
| ! | Veroorsaak dat die toevoermasker van regs na links, eerder as van links na regs, vertoon word. Karakters in die masker getik, vul dit altyd van links na regs. Jy kan die uitroepteken op enige plek in die toevoermasker invoeg. |
| \ | Veroorsaak dat die karakter wat volg, as die letterlike karakter vertoon word (bv. \A word slegs as A vertoon) |

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| Eksamenplakker | |
|---|---|
| | 150 |

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1 – NOVEMBER 2023**

**INLIGTINGSBLAD** *(moet NA die 3 uur-sessie deur die kandidaat ingevul word)*

SENTRUMNOMMER ____________________

EKSAMENNOMMER ____________________

WERKSTASIENOMMER ____________________

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| SUITE GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (**X**)) | Microsoft Office 2016 | Microsoft Office 2019 | Microsoft Office 2021 | Office 365 | |
| WEBBLAAIER GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (**X**)) | Mozilla Firefox | Google Chrome | Internet Explorer | Microsoft Edge | Ander (Spesifiseer) |

LÊERGIDSNAAM ____________________

*Kandidaat moet die lêernaam/-name vir elke antwoord invul. Maak 'n regmerkie indien gestoor en/of gepoog.*

| **Vraag-nommer** | **Lêernaam** | **Gestoor (✓)** | **Gepoog (✓)** | **Maksimum Punt** | **Punt Verdien** | **Nasiener Voorletters/ Kode** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 1Top10 | | | 24 | | |
| 2 | 2Tips | | | 21 | | |
| 3 | 3CarSales | | | 17 | | |
| 4 | 4Sales | | | 23 | | |
| 5 | 5Shuttle | | | 35 | | |
| 6 | 6_1Win | | | 15 | | |
| | 6_2Opening | | | | | |
| 7 | 7Bookings | | | 15 | | |
| | 7New | | | | | |
| | 7NewLogo | | | | | |
| **TOTAAL** | | | | **150** | | |

Kommentaar: *(slegs vir kantoor/nasiener se gebruik)*

____________________

____________________

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS